Beeld

Wednesday, 05 November 2008

Sake-nuus

Sanyati-omset verdubbel ná sy skuif na JSE se hoofbord

Antoinette Slabbert, Pretoria

Die siviele-ingenieurs-en-konstruksiegroep Sanyati se eerste stel tussentydse resultate ná sy skuif na die JSE se hoofbord, toon 'n verdubbeling in omset.

Die groep het boonop sy kontanttekort uit bedrywighede van R41 miljoen verlede jaar omskep in 'n positiewe R50 miljoen.

Mnr. Rick Jackson, uitvoerende hoof, skryf dié vertoning toe aan 'n suksesvolle uitbreidingsplan.

Die syfers van Ruthcon, GEM Earthworks en Meyker, wat vroeër deur Sanyati verkry is, is vir die eerste keer ingesluit.

Met dié verkrygings het Sanyati, wat eintlik 'n KwaZulu-Natalse maatskappy was, sy geografiese teenwoordigheid uitgebrei sodat hy nou in al nege provinsies voordeel trek uit die staatsbesteding aan infrastruktuur.

Die groep doen ook die bouwerk aan die Royal Chundu Game Lodge in Zambië teen 'n koste van R60 miljoen.

Sanyati is betrokke by verskeie van die groot infrastruktuurprojekte in Suid-Afrika, waaronder die King Shaka-lughawe buite Durban en die verbetering van die sokkerstadion in Bloemfontein met die oog op die Wêreldbeker-sokkertoernooi 2010.

Die groep het ook selfstandig en as deel van 'n konsortium verskeie kontrakte by die Suid-Afrikaanse nasionale padagentskap (Sanral) losgeslaan.

Sy bou-afdeling sal nietemin nog geleenthede in veral Gauteng najaag.

Sanyati se bestelboek het op 31 Augustus op R2,1 miljard gestaan, waarvan R1,2 miljard in die boekjaar vanaf Maart 2009 is.

Volgens Jackson is Sanyati op koers om sy omsetmikpunt van R1,8 miljard in die huidige boekjaar te bereik.

Hoewel die daling in die waarde van die rand nie die groep se kontrakte benadeel nie, sal Sanyati sy beoogde kapitaaluitgawes hersien om te bepaal wat die uitwerking van die veranderde wisselkoers is.

Kernsyfers

- Omset: R809 miljoen (+104%)
- Netto wins: R41,8 miljoen (+82%)
- Wesensverdienste per aandeel: 13,18c (+50,8%)
- Tussentydse dividend: Geen, volgens beleid